# TEM JOU TONG
[Deel 3 | **TEL JOU WOORDE]**

SKRIFLESING Jak. 3:1-12
TEKSVERS Soos gelees

- Ons gesels, na aanleiding van die Brief van die Apostel Jakobus, verder oor die dinge wat ons sê. Vandag skenk ons aan Jak. 3:1-12 aandag.
- Wanneer ons dit lees is dit bykans so asof ons voor 'n spieël staan en niks anders as ons ware self te sien nie. Ja, ons woorde ontbloot ons.
- Matt. 12:33-37
- Ons woorde verklaar ... openbaar ... iets van ons karakter: Spr. 18:4
- Ons woorde is waarlik soos 'n loodlyn wat ons diepte verklap

## 1. Verantwoordelikheid en aanspreeklikheid

- Jak. 3:1
- Praat en preek is lekker.
- Jakobus waarsku ons egter dat ons dit nie ligtelik moet beskou nie, want dit behels 'n reuse verantwoordelikheid en dit gaan beslis nie sonder aanspreeklikheid nie: II Tim. 2:15; II Tim. 4:3; Gal. 1:10; I Kor. 2:1-5; I Th. 2:13

## 2. Sien die prentjie en weeg jou woorde ...

- Jak. 3:2
- Wat bedoel Jakobus met "volmaakte"?
- Die persoon wat dit regkry om sy woorde te bestuur is 'n volwasse mens. So persoon se optrede spreek van behoorlike "mental and moral character" (Strong 1890:e-source).
- Nee, ons kan nie sê dat so persoon gearriveer het nie; Fil. 1:6 help ons baie duidelik om dit te verstaan
- Die saak in Jak. 3:2 is tweeledig:
  - Eerstens, bemoedig dit ons om te besef dat almal van ons soms (en ander dalk meermale) in ons woorde struikel - daarom moet ons onsself nie afskryf omdat ons nog sukkel om ons tonge te tem nie.
  - Tweedens, dat ons moet besef dat dit van ons volwasse geestelike mense maak wanneer ons wel ons tonge bemeester.
- **En hoe vertoon die lewe van 'n persoon wat hierdie tipe volwasse geestelikheid besit?** (Jakobus 3:3-12):

a) Die stang in 'n perd se bek (:3)

Beginsel: **Klein dingetjies wat ons sê kan 'n groot invloed hê.**

b) Die roer van 'n skip (:4)

Beginsel: **Wat ons sê, beïnvloed ons eie lewensrigting.**

c) ‘n Klein vuurtjie wat ‘n groot hoop hout aan die brand steek (:5-6)

Beginsel: **Woorde kan vernietigend wees.**

d) Alle soorte diere kan getem word, maar die tong nie (:7-8)

Beginsel: **Die tong is moeilik om te beheer.**

e) ‘n Fontein wat nie vars en brak water gelyk kan voortbring nie (: 9-11)

Beginsel: **Wat ons sê, weerspieël ons hart; ons diepste innerlike mens.**

f) ‘n Vyeboom dra nie olywe of ‘n wingerdstok vye nie (:12)

Beginsel: **Ons woorde openbaar ons ware natuur.**
Gal. 5:22

**TEN SLOTTE ...**

- Dit is baie duidelik dat die Here 'n hoë premie daarop plaas dat ons reg sal praat.
- Die veronderstelling is nie dat ons bang sal wees om te praat nie, en ook dat ons mekaar nie sal bang praat nie.
- Kol. 4:6

**PHILIP DE JAGER**
Leef die Woord, 09/02/2023
2025/06

**Bronnelys**

Strong, J. 1890. *Strong’s Hebrew and Greek Dictionaries*. e-Sword.